PAARL - SKOOL



PROSPEKTUS

INHOUDSOPGAWE

1 Voorwoord

2 Simboliek van skoolwapen

3 Skoollied / School Anthem

4 Plasingsbeleid

5 Bykomende dienste

6 Kommunikasie tussen ouers en die skool

7 Skoolgeld

8 Skoolure

9 Kurrikulêr

10 Buitekurrikulêre bedrywighede

11 Busvervoer

12 Afwesighede

13 Leerlingraad

14 Skoolreëls

15 Skooldrag

16 Voorkoms en bykomstighede

17 Klerebank

18 Kontakbesonderhede

1 VOORWOORD

Paarl-skool het sy ontstaan in 1978 gehad na aanleiding van die inisiatief van 'n groepie mense in die Paarl vir die bou van 'n skool vir leerders met serebrale gestremdhede. Uit erkentlikheid vir dié poging is besluit om die skool na die Paarl te vernoem - vandaar die naam.

Die skool beskik oor die dienste van 'n groot personeelkorps. Afgesien van die onderwyspersoneel, beskik die skool ook oor 'n multi-dissiplinêre span van fisio-, arbeids-, en spraakterapeute, sielkundiges, ‘n maatskaplike werker, ‘n verpleegkundige en leerondersteuners wat, naas die behandeling van leerders, ook as 'n evaluasiekliniek funksioneer.

Paarl-skool is uit hoofde van Witskrif 6 aangewys as ‘n Bronnesentrum. Die skool vervul nie alleen die funksie om leerders wat hoë intensiteit ondersteuning benodig te akkommodeer nie, maar sy kundige personeel lewer ook ‘n ondersteuningsdiens aan hoofstroomskole sowel as ander opvoedkundige instansies binne die breër gemeenskap.

2 SIMBOLIEK VAN DIE SKOOLWAPEN

Die veldgedeelte van die skild word gevorm deur wit en swart vertikale balke wat die skemerwêreld aandui waarin leerders met serebrale- en leergestremdhede hulself aanvanklik bevind. In hierdie omstandighede kom daar vir hulle lig deur onderwys, wat voorgestel word deur 'n ingeboë punt wat na bo oopgaan en waarop 'n oop rooi roos geplaas is. Die teenstelling in kleure maak dit 'n treffende wapen. Die spreuk, "Fide et Amore", wat beteken, "Deur geloof en liefde", dui op die benadering van die skool tot die leerders.

3 SKOOLLIED / SCHOOL ANTHEM

- *Skoollied*

Ons is bly
Ons is bly
daar's 'n skool in Brackenfell wat ons op die pad
van grootword lei.
Ons kan leer, ons kan leef, ons kan groei en ons kan glo
met ons voet op aard' en oog na bo.
Ja, nog kosbaarder as al die pêrels
is wat die Paarl-skool vir kinders doen.
Ons wat glo en weet van EEN wat liefde is
wil mekaar in liefde dra.
Ons wat glo en weet van EEN wat liefde is
wil mekaar in liefde dra.

- *School Anthem*
  Let us sing
  and rejoice
  there's a school in Brackenfell
  starting us upon the road of life.
  Where we live,
  where we grow
  and we have faith -
  with our feet on earth, our eyes on High.
  And more precious still than all the pearls there are,
  Paarl School guides our steps with love and care.
  We have faith in ONE who is love Himself;
  also loving let us be.
  We have faith in ONE who is love Himself;
  also loving we shall be.

4 PLASINGSKRITERIA

Die volgende groepe leerders word tot Paarl-skool toegelaat:

- Leerders met **serebrale gestremdheid** – ‘n permanente gestremdheid wat postuur, beweging en spiertonus affekteer as gevolg van skade aan die ontwikkelende brein.
- Leerders met **fisiese gestremdhede** – hieronder val mediese en fisiese toestande wat suksesvolle plasing in hoofstroom-onderwys belemmer, bv. spierdistrofie, spina bifida, spinale atrofie, artritis, neurofibromatose, arthrogryphosis, sindrome, miopatie, progerie, gekompliseerde ernstige respiratoriese en/of mediese toestande (bv. asma, harttoestande, niertoestande, skeletsiektes, kankerbehandeling ens.).
- Leerders met **spesifieke leerhindernisse** – leerders met ‘n gemiddelde tot bo-gemiddelde kognitiewe vermoë, maar wat nie volgens hul kognitiewe vermoë presteer in ’n spesifieke skolastiese area nie (bv. lees, spelling, wiskunde of skrif). Hierdie teenstrydigheid het ‘n neurologiese oorsprong.

Vir ‘n meer gedetailleerde beskrywing, verwys asb. na die skool se plasingsbeleid.

5 BYKOMENDE DIENSTE

'n Pediatriese neuroloog van Tygerberg-hospitaal besoek die skool twee keer per kwartaal. Afsprake met die neuroloog kan met die verpleegkundige by Paarl-skool gereël word.

‘n Genetikus van Tygerberg-hospitaal besoek die skool jaarliks.

'n Ortopediese chirurg besoek die skool een maal per maand. Dienste van ‘n ortotis is beskikbaar aan leerders. Afsprake kan deur die fisioterapeute gereël word.

Mondhigiënis studente besoek die skool twee maal per jaar om na die leerders se tandversorging om te sien.

Immunisasiedienste word jaarliks verskaf deur die Departement van Gesondheid.

Fisioterapeute doen funksionele terapie asook intensiewe rehabilitasie na ortopediese chirurgie.

Studente-opleiding: By alle dissiplines

Opleiding van studente vind by al die afdelings plaas waar studente onder toesig betrokke is by die terapie en onderrig van leerders.

6 KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN DIE SKOOL

Vir volledige inligting, sien Kommunikasiekanale (Addendum A)

- Die volgende algemene riglyne geld vir besoekers aan die skool:
  - Meld onmiddellik aan by Ontvangs
  - Voltooi die besoekersboek en verkry die nodige magtiging om ‘n klaskamer/individu te besoek
  - Geen persoon word toegelaat om klaskamers, opvoeders of terapeute te besoek sonder ‘n geskeduleerde afspraak en aanmelding by Ontvangs nie.
- Ouers word vriendelik gevra om opvoeders nie gedurende skooltye te skakel nie. Hulle word aangemoedig om daaglikse navrae per e-pos of die huiswerkboekie te rig.
- Omsendskrywes en briewe rakende inligting rondom belangrike skoolbedrywighede word gereeld aan ouers gestuur. Ouers word vriendelik versoek om ontvangs van hierdie skrywes te erken deur afskeurstrokies in te vul en terug te stuur indien dit verlang word.
- Elke leerder se vordering en ontwikkelingsdoelwitte word jaarliks deur die multi-dissiplinêre span hersien. Ouers wie se kinders in die voorskoolse, grondslag- en praktiese fases is, word aangemoedig om hierdie besprekings by te woon. Dit gee aan ouers die geleentheid om enige kwessies met die multi-dissiplinêre span te bespreek.
- Die vordering en onwikkelingsdoelwitte van leerders in die intermediêre- en seniorfase word ook jaarliks deur die multi-dissiplinêre span hersien. Daarna vind ‘n oueraand plaas waartydens terugvoer aan ouers gegee word. Ouers word aangemoedig om hierdie geleentheid by te woon ten einde leerders se vordering met opvoeders te bespreek. Indien ouers addisionele inligting verlang

vanaf terapeute of ander personeel, is hulle welkom om, per vooraf geskeduleerde afspraak (via sielkundiges), personeel te sien.

- Ouers word versoek om die skoolsekretaresse op hoogte te hou van ‘n leerder se kontakbesonderhede (fisiese adres en telefoonnommers).

7 SKOOLGELD

Sien Addendum B

8 SKOOLURE

Maandag tot Vrydag: 07:55 tot 14:00

Pouses: 10:30 tot 10:50
12:50 tot 13:10

Indien skoolure gewysig word, sal ouers vroegtydig daarvan in kennis gestel word.

9 KURRIKULêR

9.1 Kursusse

Die skool bied die volgende kursusse aan:

Voorskoolse fase (die jaar waarin die leerder 5 word)
Grondslagfase (Graad 1 tot Graad 3)
Intermediêre fase (Graad 4 tot Graad 6)
Seniorfase (Graad 7 tot Graad 9)
Praktiese fase (vanaf 7 tot 18 jarige ouderdom)

Die praktiese fase is uitsluitlik gereserveer vir leerders met serebrale en liggaamlike gestremdhede.

9.2 Kurrikulum

Die KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring) soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys word in die skool se akademiese baan gevolg.

Die SANABO (Suid-Afrikaanse Nasionale Assosiasie vir Buitengewone Onderwys) KABV kurrikulum word in die praktiese fase gevolg.

9.3 Eksamens en toetse

Intermediêre en Seniorfase

Deurlopende assessering wat klastoetse en alle relevante take insluit soos uiteengesit in die KABV. Twee toetsreekse word geskryf (Maart en September) Twee eksamens (Junie en November) word afgelê. Leerders lê jaarliks die JNA (Jaarlikse Nasionale Assesserings) af.

10 BUITEKURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

10.1 Sport

Sport word op Donderdae, gedurende die laaste twee periodes aangebied. Alle leerders (voorskoolse fase uitgesluit) word betrek by en aangemoedig om deel te neem aan een van die volgende:

krieket, sokker, netbal, swem, landloop, skaak, toutrek, atletiek.

Die volgende sportsoorte is beskikbaar vir leerders met serebrale en liggaamlike gestremdhede.

atletiek, boccia, tafeltennis, *swing ball,* fietsry, rolstoeldanse, rolstoelbasketbal.

10.2 Kultureel

10.2.1 VCSV-kamp

Daar word jaarliks ‘n VCSV-kamp aangebied vir alle Paarl-skool-leerders wat belangstel.

10.2.2 Senior koor

Daar is ‘n ryk koortradisie opgebou sedert 2000. Die koor bestaan hoofsaaklik uit leerders van gr. 4 tot 9 asook senior praktiese fase- leerders. Die koor neem gereeld deel aan die Tygerberg Internasionale Eisteddfod en Paarl-vallei Eisteddfod. Ander hoogtepunte is ‘n jaarlikse musiekaand, OLSO-musiekfees sowel as optredes by ouetehuise en kerke.

10.2.3 Eisteddfods

Leerders word aangemoedig om verder te ontwikkel as kunstenaars deur aan verskillende Eisteddfods deel te neem. Die leerders neem deel in die volgende afdelings: Voordrag (Afrikaans en Engels), spreekkore (Afrikaans en Engels), individuele sang en kuns.

11 BUSVERVOER

Die skool beskik tans oor 'n hele aantal minibusse wat gebruik word vir die vervoer van leerders van en na voorafbepaalde op- en aflaaipunte naby hulle huise.

Wanneer 'n nuwe leerder tot die skool toegelaat word en daar nie plek op die bus is nie of die leerder te ver van ‘n busroete woon, is dit die ouer se verantwoordelikheid om self vervoer te reël.

Wanneer 'n leerder verhuis en die roete daarom verander kan plek nie verseker word nie, aangesien slegs 'n beperkte aantal plekke per bus beskikbaar is.

Indien 'n leerder weens omstandighede nie van die busvervoer gebruik gaan maak nie, moet die busbestuurder of die skoolsekretaresse vroegtydig in kennis gestel word. Hierdie reëling geld ook vir wanneer die betrokke leerder weer opgelaai moet word.

Herstelwerk aan minibusse weens kwaadwillige beskadiging deur leerders, sal van die betrokke ouers verhaal word.

12 AFWESIGHEDE

12.1 Laatkom van leerders

Leerders wat laat is vir skool, moet voor hy/sy klas toe gaan by Ontvangs aanmeld.

12.2 Afwesig

Skoolbywoning is verpligtend. Mediese en ander afsprake moet buite skoolure gereël word.

Indien 'n leerder afwesig is, moet die skoolsekretaresse voor 9:00 op die dag van afwesigheid daarvan in kennis gestel word. Wanneer ‘n leerder langer as drie agtereenvolgende dae afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat ingehandig word. Indien 'n leerder vir 'n lang tydperk afwesig gaan wees, byvoorbeeld weens 'n operasie, moet die skool vroegtydig in kennis gestel word.

Baie belangrik: Wanneer ‘n leerder ‘n formele assessering as gevolg van afwesigheid misloop is dit die verantwoordelikheid van die ouer om die skool van ‘n mediese sertifikaat te voorsien.

13 LEERLINGRAAD

Die leerlingraad word uit die gr. 9-leerders en die senior leerders in die skool se Werksvoorbereidingsklas saamgestel. Die groep staan die personeel by met die

handhawing van dissipline en het spesifieke opdragte en take tydens saalbyeenkomste, pouses en by ander geleenthede.

14 SKOOLREëLS

Sien Gedragskode (Addendum C)

15 SKOOLDRAG

Leerders in die voorskoolse fase dra nie die voorgeskrewe skooldrag nie, maar wel privaat drag.

Skooldrag is verkrygbaar by die skool se klerebank of ‘n nasionale kettingwinkel van die ouer(s)/voog(de) se keuse.

15.1 Grondslagfase (gr. 1-3)

Seuns en Dogters

Skoene ○ Swart leerskoolskoen met veters/gespe ○ Swart tekkies (met fisioterapeut se toestemming) ○ Mag kaalvoet skoolgaan in somer *Verskaffer van eie keuse*	Trui ○ Vlootblou ○ Oortrek in somer ○ Langmou in winter ○ Wapen geborduur in ligblou *Besikbaar by klerebank*
Baadjie ○ Vlootblou baadjie ○ Wapen geborduur in ligblou *Beskikbaar by klerebank*	Sweetpakbroek ○ Vlootblou met koordafwerking *Beskikbaar by klerebank*
Kortbroek ○ Vlootblou met koordafwerking *Beskikbaar by klerebank*	Gholfhemp ○ Vlootblou ○ Wapen geborduur in ligblou *Beskikbaar by klerebank*

15.2 Intermediêre fase (gr. 4-6)

Leerders het die keuse om voort te gaan met die skooldrag soos voorgeskryf vir gr. 1-3 of die volgende alternatief:

Seuns

Wit hemp ○ Kortmou-oopnek in somer ○ Langmou met das in winter ○ Geen wapen *Verskaffer van eie keuse*	Grys broek ○ Kortbroek in somer ○ Langbroek in winter *Verskaffer van eie keuse*
Sokkies Grys lang sokkies *Verskaffer van eie keuse*	Skoene Dieselfde as grondslagfase
Trui Dieselfde as grondslagfase	Das ○ In skoolkleure slegs in winter *Beskikbaar by klerebank*
Baadjie Dieselfde as grondslagfase	

Meisies

Wit hemp ○ Kortmou oopnek in somer ○ Langmou met das in winter ○ Geen wapen *Verskaffer van eie keuse*	Grys broek ○ Langbroek in somer en winter *Verskaffer van eie keuse*
Grys rompie ○ Rompie in somer en winter *Verskaffer van eie keuse*	Sokkies ○ Grys lang sokkies by langbroek ○ Kort wit sokkies by rompie in somer ○ Vlootblou sykouse by rompie in winter *Verskaffer van eie keuse*
Skoene Dieselfde as grondslagfase	Trui Dieselfde as grondslagfase

15.3 Seniorfase (gr. 7-9)

Fisies gestremde leerders het die keuse om voort te gaan met die skooldrag soos voorgeskryf vir gr 1-3, maar nie-gestremde leerders moet die volgende dra.

Seuns

Wit hemp ○ Kortmou-oopnek in somer ○ Langmou met das in winter ○ Geen wapen *Verskaffer van eie keuse*	Grys broek ○ Kortbroek in somer ○ Langbroek in winter *Verskaffer van eie keuse*
Sokkies ○ Grys lang sokkies *Verskaffer van eie keuse*	Skoene Soos grondslagfase
Trui Dieselfde as grondslagfase	Das ○ In skoolkleure slegs in winter *Beskikbaar by klerebank*
Baadjie Dieselfde as grondslagfase	

Meisies

Wit hemp ○ Kortmou-oopnek in somer ○ Langmouhemp met das in winter ○ Geen wapen *Verskaffer van eie keuse*	Grys broek ○ Langbroek in somer en winter *Verskaffer van eie keuse*
Grys rompie ○ Rompie in somer en winter *Verskaffer van eie keuse*	Sokkies ○ Grys lang sokkies by langbroek ○ Kort wit sokkies by rompie in somer ○ Vlootblou sykouse by rompie in winter *Verskaffer van eie keuse*
Skoene Dieselfde as grondslagfase	Trui Dieselfde as grondslagfase

15.4 Praktiese fase

Prakties 1-3: Dieselfde as grondslagfase
Prakties 4-7: Dieselfde as intermediêre en seniorfase
Werksvoorbereiding: Dieselfde as intermediêre en seniorfase

16 VOORKOMS EN BYKOMSTIGHEDE

Sien Gedragskode (Addendum C)

17 KLEREBANK

Die skool se klerebank is oop gedurende skoolure. Goeie tweedehandse skoolklere word ook by die skool se klerebank verkoop teen ‘n verlaagde tarief. Tweedehandse skoolklere kan aan die skool geskenk word.

18 KONTAKBESONDERHEDE

Die Hoof
Paarl-skool
Posbus 140
BRACKENFELL
7561

Tel: 021 - 981 5555/6

Faks: 021 - 981 7833

E-pos-adres: admin@paarlskool.org.za

Webtuiste: www.paarlskool.org.za